NG GEMEENTE LYTTELTON-OOS

Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader

SONDAG, 6 NOVEMBER 2005

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

GEMEENTEPROGRAM

SONDAG, 6 NOVEMBER

Deurkollekte Noodlenigingsfonds
Inhandiging van Kommissieverslae

OESFEES

09:00 Nagmaal: Ds Freddie Schoeman (*Tema: Diensvreugde 2/4***)**

09:00 Spesiale erediens vir kinders deur ds Ben van Tonder

10:30 Nagmaal : Ds Freddie Schoeman (*Tema: Hoop en Herstel vir stukkende mense. 5/8)*

17:30 Gesinsnagmaal: Ds F Schoeman (*Tema: Hoe om jou gesin te ontstig 3/3)*

VRYDAG, 11 NOVEMBER

18:00 Klub Immergroen : Kersete

SONDAG 13 NOVEMBER

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman *(Tema: Diensvreugde 3/4)*

10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman *(Tema: Hoop en herstel vir stukkende mense 6/8)*

Geen kindereredienste of jeugaktiwiteite mdo op die eksamen

DINSDAG, 15 NOVEMBER

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 16 NOVEMBER

17:30 Biduur

19:00 Kerkraadsvergadering

SONDAG, 20 NOVEMBER

Deurkollekte vir Johannes Chokoe
(terrein- en tuinopsigter vir bykans 40 jaar wat eersdaags met pensioen gaan)

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman (*Tema: Diensvreugde 4/4)*

10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman *(Tema: Hoop en herstel vir stukkende mense 7/8)*

DINSDAG, 22 NOVEMBER

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 23 NOVEMBER

17:30 Biduur
Inbetaling Diakonie

SONDAG, 27 NOVEMBER

09:00 Kerssangdiens

NUWE INTREKKERS

Is jy 'n nuwe intrekker? Ons wil jou baie graag ontmoet! Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Johan en Davina Bauer (DF Malanln 257, 664-2230) met Johan wat 'n knieoperasie ondergaan het (Wyk 1a).
2. Koos en Bets Bodenstein (Krugerln 1067, 664-4077) met Koos wat 'n knievervangsoperasie ondergaan het (Wyk 9b)
3. Nico en Elize Fourie (Hans Strijdomln 215(a), 083 781 0353) met Nadia wat in die hospitaal is (Wyk 6d).
4. Tossie Jacobs (Eldorado 12, 664-2967) wat las het van haar skouer (Wyk 11c).
5. Rina Koch (Delareyweg 51, 664-4665) wat geopereer is (Wyk 13c).
6. Philip, Rianne en Rianda Venter (Hans Strijdomln 58, 664 1192) met Rianda wat in die hospitaal is (Wyk 10e).
7. Pieter en Lettie Hambridge (DF Malanln 127, 664-2492) met Pieter wat tuis aansterk. Groot dankbaarheid dat dit baie goed gaan. (Wyk 9d).

ONTHOU ...

VANDAG ...

!!OESFEES!!

Almal hartlik uitgenooi vir gratis middagete

SONDAG, 27 NOVEMBER

09:00 Kerssangdiens

EREDIENSTYE

Die kerkraad is tans besig om die eredienstye te heroorweeg aangesien dit wil voorkom of 'n groot aantal lidmate die huidige tye ongerieflik vind.

Daar is byvoorbeeld 'n hele aantal lidmate wat graag die informele erediens wil bywoon maar nie kan nie omdat die kindereredienste tydens die eerste diens plaasvind.

Ons wil egter terugvoer en insette soveel as moontlik lidmate hê voordat ons 'n besluit in hierdie verband neem. Daar is aantal opsies:

1. Behou die huidige tye
2. 07:45 Informele erediens + kindereredienste; 09:15 Tradisionele erediens
3. 07:45 Informele erediens; 09:15 Tradisionele erediens + kindereredienste
2. 08:00 Tradisionele erediens + kindereredienste; 09:30 Informele erediens
3. 08:00 Tradisionele erediens; 09:30 Informele erediens + kindereredienste
4. 08:00 Informele erediens + kindereredienste; 09:30 Tradisionele erediens
5. 08:00 Informele erediens; 09:30 Tradisionele erediens + kindereredienste

Aangesien hierdie 'n baie belangrike en sensitiewe saak is, wil ons graag vra dat elke gemeentelid biddend hieroor sal nadink. Dit is noodsaaklik dat ons mekaar sovêr moontlik sal akkommodeer. Ons wil graag vir soveel moontlik mense die geleentheid gee om eredienste by te woon.

MOTORWAG

Persone wat belangstel om behulpsaam te wees met die Motorwag-aksie om ons motors op te pas tydens eredienste, hetsy vrywillig of teen vergoeding, skakel asseblief vir Johan Bauer, 664-2230.

DIENSLEWERING …

Die week van 31 Oktober tot 4 November was gekenmerk as 'n week van diens-lewering.

Vir hierdie dienslewering sê Ria Maree ***BAIE, BAIE*** dankie. Daar was drie be-grafnisse waarvoor hulp gevra is en sonder uitsondering het almal wat gevra is om behulpsaam te wees in een of ander vorm, sonder huiwering "ja" gesê!

Twee van hierdie begrafnisse was vir die gemeente en een vir die Lugmag. Laasgenoemde vir 250 persone. Hoewel die Lugmag die verversings voorsien het, was dit Lyttelton-Oos se dames wat die bediening hanteer het. En veral hier was dit treffend omdat daar verskillende denominasies en rasse teenwoordig was.

Nogmaals ***BAIE, BAIE DANKIE*** aan een en elkeen wat op een of ander manier behulpsaam was. Dit word opreg waardeer. (Spesiale dankie aan Ria!).

BOODSKAPREEKS

HOOP EN HERSTEL VIR STUKKENDE MENSE

SONDAGOGGENDE 10:30

(Tweede diens) 9 Oktober tot 27 November

Almal van ons is verwond deur die lewe – deur ons eie of ander se toedoen. Ons dra hartseer, pyn, en bitterheid met ons saam. Slegte gewoontes, verslawings, aggressie en disfunksionele gedrag vererger dit. Almal van ons se lewens is in een of ander opsig stukkend.

Dit keer dat ons 'n lewe in oorvloed kan leef, soos Jesus dit bedoel het.

Ons het almal HOOP en HERSTEL nodig.

ROMMELVERKOPING : VIR BYBELVERSPREIDING

06:30 DINSDAG, 8 NOVEMBER 2005

U kan huishoudelike artikels en klere afgee by Dries van der Merwe, Van Riebeeckln 149 of Ria Maree, Fitzpatrickweg 23.

Ons benodig persone om te help merk op Maandag, 7 November vanaf 09:00.

Baie dankie vir die hulp en bydraes.

AFSKEID JOHANNES CHOKOE

Die Kerkraad het goedgekeur dat die gemeente ‘n geleentheid gegee word om by te dra tot ‘n afskeidsgeskenk aan Johannes wat aan die einde van Desember met pensioen gaan.

Omdat die skole reeds op 2 Desember sluit sal hierdie geleentheid gegee word op Sondag 20 November 2005 in die vorm van ‘n deurkollekte.

Daar sal op Sondag 27 November 2005 van hom afskeid geneem word.

KERSSANGDIENS : SONDAG 27 NOVEMBER 2005

Hierdie geleentheid wat altyd ‘n hoogtepunt in die gemeente is, word gehou tydens die ***OGGENDDIENS*** van Sondag, 27 November 2005.

Die bestuur van Klub Immergroen in samewerking met die wyke hanteer die verversings. Wyke is reeds gevra om hulp te verleen en terugvoer te gee aan Gerty Basson. Haar telefoonnommer is per abuis in die skrywe uitgelaat. Dit is 664-2433. Indien u van hulp kan wees in enige opsig, skakel met Gerty.

DIE KEER TOE GOD 'N SKRYNWERKER GEWORD HET

(24) LIEFDE VIR SONDAARS

DIE HOERE

Lees: Jh 8:1-11

Jesus het geweet dat die oudste beroep onder die mense nie in stand gehou kan word sonder die samewerking van die fatsoenlikes in die lewe nie. "It takes two to tango."

Op 'n dag het die Skrifgeleerdes en Fariseërs 'n vrou na Jesus gebring wat hulle op die daad van owerspel betrap het. Sy was so skuldig soos nog iets. Hulle wou weet wat Jesus met haar sou doen. Maar Hy het gebuk en iets op die grond met sy vinger geskryf. Hy en almal van hulle het geweet dat as jy 'n vrou in owerspel betrap jy ook 'n man in owerspel betrap – anders was dit nie owerspel nie. Toe vra Hy dat die een van hulle wat dit nog nie gedoen het nie die eerste klip moet gooi. Maar hulle bly nog staan. Hy buk toe en skryf weer op die grond. Toe begin hulle stilweg wegloop. Een vir een, tot nog net die vrou oorgebly het. Jesus vra haar toe of nie een die oordeel oor haar voltrek het (wat sy verdien het) nie. Toe sy ontkennend antwoord, het Hy gesê dat Hy haar ook nie veroordeel nie, maar dat sy nie verder sonde moet doen nie. Wat sy gedoen het was sonde, maar Hy is daar om sondaars tot belydenis en vergifnis te lei. Jesus het hier getoon dat die Skrifgeleerdes en Fariseërs net sulke sondaars is as die hoere. Sy is nie slegter nie en hulle nie beter nie. Almal het die genade van God nodig.

Die priesterhoofde en familiehoofde het by geleentheid op Jesus toegesak met vrae waarop Jesus teenvrae gevra het en toe gesê het dat die tollenaars en hoere wat glo, die Koninkryk van God ingaan terwyl die priester- en familiehoofde wat nie glo nie, nie ingaan nie.

Die punt het Jesus mooi verduidelik toe 'n hoer by Jesus se voete so gehuil het dat haar trane op sy voete gedrup het. Daarna het sy sy voete met haar hare afgedroog, hulle gesoen en met reukolie gesalf. Die Fariseër teenwoordig het Hom baie kwalik geneem, maar Jesus het hom gou stil gekry met die verduideliking dat sy baie gesondig het. Dit is vergewe. Aan die vrou wat berou oor haar sonde het en daarom Jesus se voete was en salf, sê Jesus: *"Jou sonde is vergewe."* Om sonde te bely is nie 'n saak wat dae neem nie. Dis 'n geval van die regte gesindheid, van geloof en vertroue in Jesus. Jesus kyk na die hart en in liefde verwyder Hy die smet. Maar waar die hart nie reg is nie is die sonde nie vergewe nie.

VRAAG:

* Kan 'n mens so erg sondig dat dit nie vergewe kan word nie?

GEBED:

Here, ook in my lewe is daar sonde. Vergeef my asseblief. AMEN

PIET BADENHORST : 'N HULDEBLYK

Met die afsterwe van Piet op die 26ste Oktober 2005 het die gemeente 'n baie waardevolle lidmaat verloor. Vir die afgelope 31 jaar is die gesin Badenhorst intens betrokke by die gemeentelike aktiwiteite.

Piet het 'n leidende rol gespeel in die aktiwiteite van veral die Getuienisaksie (vroeër Sendingkommissie). Dit was sy erns dat die fondse sinvol bestuur word — ordelike begrotings en ordelike kontantvloei. Piet het veral gesorg dat die gemeente se verbintenisse deur die Geloofofferrekening nagekom word. Uitreikaksies en Bybelverspreiding is met entoesiasme in die kerkraad se finansiële kommissie se besluitneming ondersteun en bevorder.

Piet was Sotho vlot magtig en hy het geen geleentheid laat verbygaan om swartmense aan te moedig om hulle sake met die Here reg te maak nie — en dan was daar altyd 'n Bybeltraktaatjie beskikbaar! Ons sal hom by die rommelverkopings mis.

Ds Odie Odendaal se opsomming van Piet se lewe by sy begrafnis dien om herhaal te word. Hy was begaafd, intellektueel, hartlik, betroubaar — 'n gesinsmens. Hy het uitgereik na God vir krag, hulp en troos. Daarin was hy vir ons almal 'n voorbeeld veral in die laaste maande van lyding.

As gemeente dank ons die Here vir Piet Badenhorst. Ons bid Elna en die kinders daardie krag, hulp en troos toe waarvan Piet geweet het elke keer as ons hom gevra het hoe dit gaan en hy dan antwoord: Die Here is vir my goed — baie goed.

DRIES VAN DER MERWE.

KERSETE : KLUB IMMERGROEN

Hierdie geleentheid vind plaas op ***VRYDAG***, 11 November om 18:00 en ***NIE*** Saterdag soos wat dit op die kaartjies aangetoon word nie.

Kaartjies is beskikbaar teen R20.00 per persoon (slegs lede van Klub Immergroen). Indien 'n lid per abuis oorgeslaan is, tree in verbinding met Gerty Basson by 664-2433.

VERJAARSDAE : 6 TOT 26 NOVEMBER 2005

11/06	CARLA OLIVIER	FLEURPARK WS 3	664 4317	03(b)
11/07	WILLEM STOLZ	2DE STRAAT 9	GEEN	14(b)
11/07	ELLYN BOTHMA	HANS STRIJDOMLN 85A	664 4520	10(e)
11/08	MARITA LOUW	VAN RIEBEECKLN 70	664 4870	10(d)
11/08	DRIES VAN DER MERWE (JNR)	VAN RIEBEECKLN 149.	664 2469	08(b)
11/08	DAWIE VAN DER MERWE	VAN RIEBEECKLN 149.	664 2469	08(b)
11/08	TANYA NEL	HANS STRIJDOMLN 182	664 1568	06(a)
11/11	CHRISTO BLIGNAUT	HANS STRIJDOMLN 199	664 6631	06(c)
11/11	THEO GORDON	VAN RIEBEECKLN 136	664 2468	08(c)
11/11	GERDA JACKSON	HANS STRIJDOMLN 82	664 4203	10(e)
11/11	MOSES PHOZA	VEGKOP WS 28	GEEN	03(d)
11/12	JAN KLYNSMITH	SMUTSLN 186	664 5907	06(d)
11/12	NELLEKE GOUWS	LANGEBRINKWEG 120	664 3581	14(a)
11/13	YVONNE SCHULZE	FITZPATRICKWEG 13	664 3379	06(a)
11/14	COBUS NEL	HANS STRIJDOMLN 92	082 575 6327	10(e)
11/14	HENDRIEN MARTINS	KORTSTR 358	664 2531	14(a)
11/14	ROCHANI VAN STADEN	MOLTENOWEG 8	664 4772	06(d)
11/15	ANNA STEYN	KRUGERLN 235	664 2806	02(a)
11/15	FREDDIE SCHOEMAN	KRUGERLN 105	664 3751	09(b)
11/16	GERHARD DU PREEZ	SMUTSLN 334	664 4145	14(a)
11/17	JASON LOOTS	CANTONMENTSWEG 23	664 8222	08(c)
11/18	CHRISTIAAN HORAK	MYRDALWEG 3	083 406 6481	14(a)
11/19	LINA KRIEL	VAN RIEBEECKLN 15	664 2977	12(c)
11/20	ANNERI BOTHA	VAN RIEBEECKLN 338	082 441 8503	14(a)
11/20	WJ WESSELS	HANS STRIJDOMLN 107		07(c)
11/21	DRIEK GILMORE	DF MALANLN 243(C)	082 920 4480	01(a)
11/21	PINA CONRADIE	KRUGERLN 285	664 4275	03(a)
11/21	LOUISE LAUNSPACH	VAN RIEBEECKLN 309	664 0182	14(a)
11/21	BLONDIE LANDMAN	SMUTSLN 254	664 4683	04(c)
11/21	ALDI SCHOEMAN	KRUGERLN 105	664 3751	09(b)
11/22	SUS VAN DER MERWE	KRUGERLN 207	664 4448	05(c)
11/22	GIDEON LE ROUX	VAN RIEBEECKLN 114	664 3229	10(a)
11/23	LIZE MEYER	SMUTSLN 196	082 374 8923	06(d)
11/23	JACO UYS	SMUTSLN 120	664 4598	07(d)
11/23	TINA JANSSEN	DF MALANLN 7	664 0426	13(b)
11/23	DRIES VAN DER MERWE	VAN RIEBEECKLN 149	664 2469	08(b)
11/23	ARTHUR APPEL	HANS STRIJDOMLN 32	664 1848	11(a)
11/24	JAN NEL	VAN RIEBEECKLN 120	664 2175	10(a)
11/24	ZELDA BROEKHUIZEN	HANS STRIJDOMLN 9.	664 4640	11(b)
11/25	GENI ANDERSON	DF MALANLN 243	664 7937	01(a)
11/26	HESTER GERBER	DF MALANLN 133	664 0529	09(d)
11/26	HEINZ MEISSNER	VAN RIEBEECKLN 189	664 3759	05(a)
11/26	RICO CARSTENS	4DE STRAAT 25	664 6571	14(b)
11/26	EUGENE FOURIE	KOL JOHN BLAKESTR 3	082 444 7374	14(a)

HUWELIKHERDENKINGS : 6 TOT 26 NOVEMBER 2005

8 Nov	CASSIE EN JANINE CARSTENS	SMUTSLN 240	083 235 9939	664 4546	04(c)
11 Nov	NICK EN NANCY ALBERTS	MOLTENOWEG 42	082 700 9791	664 2043	05(b)
14 Nov	MANIE EN RIANNA BLOM	HANS STRIJDOMLN 162	082 920 7635	664 8233	06(a)
24 Nov	JACQUES EN JANET HUMAN	HANS STRIJDOMLN 93A	083 399 1060	664 3880	10(e)
25 Nov	RONNIE EN RONELL STEYN	KRUGERLN 85(B)		664 3253	13(a)

GESOEK : TUINWOONSTEL

Twee jong dames wat volgende jaar (2006) aan die Groenkloof Kampus van die Universiteit van Pretoria kom studeer soek 'n tuinwoonstel in hierdie omgewing.

Indien daar iemand is wat behulpsaam kan wees, skakel Johan Smit, telefoon 664-4335 of selfoon 082 584 4990